Knapsak 21

Die Knapsak is mondig! Ten minste wat die aantal uitgawes betref!

Hier is ‘n pragtige getuienis van ons President, ‘n treffende voorbeeld vir elke ware Afrikaner:

Afrikaans is verseker 'n wonderlike taal. Dit snoer nie net mense saam nie, maar dwing eenvoudig respek af. Die volgende ervaring wat ek gehad het in Newcastle, wil ek graag met my mede Afrikaanssprekendes deel.

Ons het hier 'n swart besigheidsman, met wie ek van tyd tot tyd gesprek voer, uit die aard van omstandighede in Natal, ongelukkig in Engels. Hy het my deurentyd op my voornaam genoem, waarmee ek geen probleem het nie.

Onlangs het hy my versoek om asseblief met hom Afrikaans te praat, hy wil graag sy Afrikaans verbeter.

Dit was vir my baie insiggewend dat hy daarna streef. Ons voer nou gesprek in die mooiste en modernste taal in die wêreld!

Die wonder van Afrikaans is, dat hy my nou aanspreek as meneer. HOES DAAI!!

AFRIKAANS VERRIG EENVOUDIG WONDERE.

KOM ONS PRAAT HOM ORAL, RESPEK KOM SOMMER SPONTAAN .

LANDSBERAAD 2018

Ja, die keuse het geval op Struwig! Die eerste keer in die geskiedenis dat die Landsberaad op ons eie eiendom gaan plaasvind! Werk dit in julle jaarbeplanning in, pak solank die tasse en maak vas die gordels – dit gaan ‘n fees wees!

DATUM: 18 tot 20 Mei 2018

TEMA:

Koester en handhaaf ons kosbare Afrikaner-erfenis met trots!

PROGRAM:

Die Landsberaad en dinee gaan op Saterdag, 19 Mei 2018, plaasvind en begin om 08:00. Beraadgangers kan dus hulle sake reël om Vrydag aan te kom en die aandbraai gesellig saam te geniet sodat almal reg ingestel kan wees vir die volgende dag se verrigtinge. Wildritte sal ook Vrydag en Saterdag ingepas kan word. Die Rapportryerraad vergader Vrydagmiddag.

VERBLYF:

Aangeheg is die kampreëls en uitleg van die terrein vir belangstellendes om hulleself te oriënteer.

- Raadslede se verblyf is reeds bespreek.
- Daar is nog enkele chalets beskikbaar vir ander afgevaardigdes wat moontlik hul gades wil saambring.
- Die ander sal in die jeugsentrum gehuisves word en moet hul eie beddegoed of slaapsak saambring aangesien hierdie eenheid nie daarmee toegerus is nie.
- Ons wil graag almal op dieselfde terrein saamtrek, maar daar is ook tente beskikbaar in die boskamp, asook woonwastaanplek. 4X4 woonwaens word aanbeveel aangesien die toegangsroetes nogal uitdagend kan wees.
- Rapportryers wat verblyf wil bespreek moet meld dat hulle lid is van die RRB en die Landsberaad gaan bywoon. Besprekings moet onmiddellik per e-pos bevestig word na struwigeco@iafrica.co.za (mailto:struwigeco@iafrica.co.za) - selnommer 071 907 7960. Die telefoonverbinding is nie altyd so waffers nie.

- Hierdie inligting word reeds lank voor die tyd beskikbaar gestel sodat afgevaardigdes vroegtydig besprekings kan doen. Verblyfplek is ongelukkig nie onbeperk nie.

Bespring die saak dus vinnig om teleurstelling te voorkom!

KOSTES:

- Verblyfkoste vir Vrydagaand en Saterdagaand is gratis. Afgevaardigdes wat egter graag die besoek wil verleng, ontvang ‘n korting van 25% op die verdere behoefte.
- Die beraadfooi dek alle etes vir die naweek. Bring egter genoeg “eish” saam aangesien dit nie op die terrein beskikbaar is nie!
- Beraadgangers is self verantwoordelik vir die koste van uitstappies en vuurmaakhout wat op die terrein beskikbaar is.
- ‘n Hekfooi van R175 per voertuig en sleuteldeposito van R50 is betaalbaar by aankoms.

MOSIES, BESKRYWINGSPUNTE EN GRONDWETWYSIGINGS:

Korpse en Hoofkantoorlede wat graag krag wil verleen aan hul ideale vir daadwerklike optrede deur die RRB, moet vroegtydig begin dink en formuleer aan besluite wat hulle graag deur die Landsberaad bekragtig wil hê.

Konsentreer veral op sake wat verband hou met die tema van die Landsberaad.

Onpraktiese besluite is in die verlede deur die Landsberaad geneem wat dit vir die Rapportryerraad moeilik gemaak het om uit te voer. Die Dagbestuur sal dus noulettend wees in hul keuring van voorgestelde mosies en beskrywingspunte.

RAPPORTRYER VAN DIE TERMYN:

Korpse moet solank help dink aan verdienstelike kandidate vir hierdie toekenning. Die volgende moet in gedagte gehou word:

- Aanbevelings moet aan die RRB-Dagbestuur gerig en behoorlik skriftelik gemotiveer word;
- Prestasies in belang van die oogmerke van die RRB moet wyer as die plaaslike omgewing wees - verkieslik nasionaal van aard;
- Rapportryerraadslede kom nie hiervoor in aanmerking nie;

Hierdie inligting oor die Landsberaad is slegs 'n voorlopige “lusmaker”. Meer breedvoerige inligting sal vroeg aanstaande jaar versprei word tesame met die gebruiklike inskrywingsvorm.

KORPSNUUS

Sommige korpse volg die goeie gebruik om nuwe besture reeds vanaf September te verkies sodat die nuwe jaar vroeg kan afskop na goeie beplanning.

Sterkte aan die nuwe besture met julle beplanning en inspirerende dryfkrag om julle korpse tot nuwe hoogtepunte te voer!

Laat weet my asseblief die name van die nuwe spanne sodat ek die databasis kan aanpas.

Newcastle:

Só word ‘n gholfdag aangepak om R25 000 wins op te lewer!

Martie Pepler, Ryk Pepler, Vicus Kock en Jannie Haarhoff, besig om hamburgers te bou vir die spelers

Dit is nie net Caledon wat kan spog met 'n brandwag nie, Newcastle het ook sy eie een, Hennie Willemse

Die stalletjie waar die verkope plaasgevind het.

Caledon

Net om die gevoel van “Ouboet-naweek” te ontwikkel, het die korps ‘n paar kinders uit eie geledere bymekaar gekry en hulle blootgestel aan vuurwapenhantering. Volgende keer gaan hulle sekerlik ‘n groep saamstel uit kinders wat nie die voorreg van ‘n gesonde gesinsverband ken nie.

Die kleintjies voor: Hugo Muller, Mia Muller, Jacobus Theunissen, Adriaan v/d Westhuizen Agter: Chanet Muller,; Rapportryer Heinie Fourie, Stephan du Toit, Michiel Theunissen, Adrias van Wyk (van Kenhardt!) en Wenè Du Toit

IETSIE UIT DIE GRONDWET VAN DIE RRB

6. *LIDMAATSKAP*

6.1. Lidmaatskap van die Beweging word toegeken aan persone wat:

6.1.1. `n Belydende Christen is;

6.1.2. Afrikaanssprekend is;

6.1.3. Hulle met die doelstellings van die Beweging vereenselwig;

6.1.4. Toetrede en lidmaatskapgelde op datum betaal het;

6.1.5. Nie lid is van `n organisasie waarvan die grondwet strydig is met dié van die Beweging nie;

6.1.6. Alle lede van die Junior Rapportryerbeweging.

6.1.7. Die bepalings van hierdie grondwet onderskryf.

6.2. Lidmaatskap word toegeken deur `n korps of Hoofkantoor indien die kandidaat aan bogenoemde vereistes voldoen en aangedui het dat hy /sy `n lid wil word, die grondwet en doelstellings onderskryf en geregistreer is by hoofkantoor.

Rapportryergroete!

Danie Eichstädt Sekretaris

18 Oktober 2017

Last modified on Tuesday, 24 October 2017 06:39